STELLENBOSCH
STELLENBOSCH • PNIEL • FRANSCHHOEK
MUNISIPALITEIT • UMASIPALA • MUNICIPALITY

# NUUSBRIEF IPHEPHANDABA NEWSLETTER

UITGAWE 58 - 2020 • EDITION 58- 2020

# *Van die Burgemeester*
# *From the Mayor*

Liewe Inwoners

***Dit is altyd lekker om te sien hoe ons groot projekte voltooi word. Baie van ons projekte strek oor jare en dit gebeur soms dat ons nie eerstehands die eindproduk kan sien of ervaar nie. Daarom was ek in absolute ekstase toe die Stellenbosch rioolsuiweringsaanleg onlangs voltooi is en ten volle in werking gestel is. Die nuwe aanleg is werklik 'n indrukwekkende fasiliteit en een van die grootste rioolaansuiweringswerke in die land.***

Die opening van die aanleg is 'n groot hoogtepunt vir my as Burgemeester. Aan die begin van my termyn in 2016, kon die bestaande fasiliteit nie meer aan die behoeftes van die dorp kon voldoen nie. Dit het 'n ernstige 'n ekonomiese en ekologiese impak gehad op die area. Ons het ingespring en onmiddellik noodmaatreëls in plek geplaas, om die kapasiteit van die fasiliteit tydelik te vergroot terwyl ons met die konstruksie en opgradering van die nuwe fasiliteit begin het.

Vandag kan ons opreg spog met 'n wêreldklas suiweringsaanleg wat gebruik maak van innoverende tegnologie. Dit is die grootste kapitaalprojek in die dorp se geskiedenis en het R 394miljoen gekos (BTW uitgesluit). Die nuwe fasiliteit maak gebruik van UV

Dear Residents,

***It is always great to see when our really large projects are completed. Many of our projects stretches across several years and it sometimes happen that we never get to see or experience the end result first hand. That is why I was absolutely ecstatic when the Stellenbosch Waste Water Treatment Works was recently completed and taken into full operation. The new facility is a truly impressive and one of the largest facilities of its kind in the country.***

The opening of the new facility is a significant highlight for me as Mayor. At the start of my term in 2016, the existing facility at the time was completely insufficient for the needs of the town. It had a serious impact on the ecology and economy of the area. We made haste and took immediate action to put emergency measures in place to temporarily increase the capacity of the facility while we started with the construction of a new facility.

Today we can proudly boast with a world class water treatment facility that makes use of innovative technology. It is the biggest capital project in the history of Stellenbosch costing R 394 million, (excluding VAT). The new facility makes use of UV disinfection technology and uses a biological membrane reactor, an advanced



Adv. Gesie van Deventer
*UitvoerendeBurgemeester/ Executive Mayor*
**021 808 8002**
mayor@stellenbosch.gov.za

**SPAAR WATER**
**SAVE WATER**

COVID-19 Bl 2/ Pg 2

STELLENBOSCH WCO 24
021-886 8976
SAFETY SSI INITIATIVE

ontsmettingstegnologie en beskik oor 'n biologiese membraan reaktor, 'n gevorderde ultrafiltrasie membraan wat 'n beter gehalte eindproduk lewer, meer energie effektief is en ook meer omgewingsvriendelik is.

Die fasiliteit sluit ook 'n nuwe laboratorium in met opgeleide personeel wat deurlopend sorg dat ons watergehalte asook die suiweringsaanleg ten alle tye van hoogstaande gehalte is. Gaan maak gerus 'n draai, en laat my weet wat u dink.

Soos ek besig was met die nuusbrief, het die President 'n noodtoestand afgekondig oor die moontlike risiko's wat die COVID 19 virus inhou. Ek voeg my stem by die van die Premier en die President en vra dat ons almal kalm sal bly gedurende hierdie uitdagende tyd. Ons kan almal ons deel doen om die verspreiding van die virus te beperk:

- Was jou hande gereeld
- Probeer om nie aan jou oë, neus en mond te vat nie
- Gebruik 'n snesie en bedek jou neus en mond indien jy nies of hoes.
- Probeer fisiese aanraking sover moontlik beperk
- Moenie vals nuus of inligting versprei nie.
- Indien jy siek is, bly by die huis, rus en drink baie vloeistowwe.

Indien u wel siek raak, of siek voel, bel asseblief die provinsiale of nasionale noodnommer of stuur 'n Whatsapp.

- Nasionale Noodlyn 0800 029 999
- WhatsApp 0600 123 456
- Provinsiale Noodlyn 021 9284102

Ons sal ook deurlopend inligting deel op ons sosiale media bladsye.

Ons het onlangs die groot voorreg gehad om die Wes-Kaapse kabinet te verwelkom vir 'n Eerste Donderdag of #FirstThursday geleentheid. Inwoners wat al aan die geleentheid in die metro deelgeneem het, sal weet wat dit als behels.

Elke eerste Donderdag van die maand stel verskeie kunsgalerye en museums hulle deure oop in die aand, wat dan 'n groot aantal besoekers lok. Die Premier, mnr Alan Winde, neem al vir jare aan die geleentheid deel en stel ook dan elke eerste Donderdag sy kantoor oop vir mense om direk met hom en sy amptenare te kom praat, sonder 'n vooraf afspraak. Premier Winde het die konsep

ultrafiltration membrane that delivers a better final product. It is also more energy efficient and environmentally friendly.

The facility includes a new laboratory with trained staff that monitors our water quality continuously as well as the operations at the treatment plant, to ensure that we are delivering the best possible service. Please go and have a look, and let me know what you think.

As I was busy with this newsletter, the President announced a national state of disaster because of the potential threat of the COVID-19 virus. I add my voice to that of the Premier and the President in asking for calm and common sense during this difficult time. We can all play our part in limiting the spread of this virus.

- Wash your hands frequently
- Avoid touching your eyes, nose and mouth
- Cover your cough or sneeze with a tissue
- Minimise physical contact
- Do not spread fake news or false information
- If you are mildly sick, keep yourself hydrated, stay at home, and rest.

In the event that you may feel sick or become ill, please call the national hotline of the provincial hotline or send a WhatsApp.

- National Hotline 0800 029 999
- WhatsApp 0600 123 456
- Provincial Hotline 021 9284102

We will continuously post and share information on our social media pages as well.

We recently had the immense privilege to host the Western Cape cabinet for its #FirstThursday event. Residents who have previously participated in #FirstThursday's in the metro, may be familiar with the concept.

Every first Thursday of the month, various museums and art galleries open their doors to the public in the evening, and this draws large amounts of visitors. The Premier, Mr Alan Winde has taken part in this event for years, and opens up his offices at every event so that residents can come and speak directly to him and his officials, without the need to make an appointment. Following the elections last year, the Premier expanded the concept and included the entire provincial cabinet to participate in #FirstThursday. This year the Premier and cabinet decided to take the

uitgebrei na die verkiesing verlede jaar, en het die hele provinsiale kabinet daarby betrek. Hierdie jaar het die Premier en die kabinet besluit om #FirstThursday op die pad te neem en Stellenbosch was een van die eerste munisipaliteite buite die metro wat die geleentheid gehad het om die Premier en Ministers te verwelkom.

Dit was ‘n wonderlike geleentheid by Rietenbosch Primêre Skool, waar ons inwoners kon kom en direk praat met die besluitnemers in die provinsie. Elke minister het sy eie tafel beman, en waar die minister nie kon wees nie, het die hoof van die betrokke departement ons inwoners bygestaan. Elke persoon wat bygewoon het, het die geleentheid gehad om met die ministers en amptenare te praat. Die munisipaliteit het ook ‘n tafel daar gehad en ek en lede van die Burgemeesterskomitee en senior amptenare was ook beskikbaar om vrae te beantwoord.

Ek wil graag namens ons inwoners die Premier en die Kabinet bedank wat die moeite gedoen het om ons te kom besoek en met ons inwoners te kom praat.

In Junie gaan die Provinsiale Departement van Sport en Kultuursake die munisipaliteit besoek en begin met hulle Mondelingse Geskiedenis inisiatief. Hierdie projek is ‘n wonderlike inisiatief van die Provinsie om ons inwoners te help om ons plaaslike geskiedenis en stories neer te pen en te bewaar. Die projek fokus daarop om individue as ook gemeenskappe se stories van hul omgewing, kultuur en gemeenskapskennis vas te vang en seker te maak dit word bewaar vir die volgende geslagte. Hierdie projek sal uitgerol word deur middel van ons plaaslike biblioteke en meer inligting sal met u gedeel word soos die besonderhede gefinaliseer word. Ons streek het so baie besonderse stories en ek wil u graag aanmoedig die stories te deel sodat dit nie verlore gaan nie. As Suid-Afrikaners het ons ‘n baie sterk tradisie van stories vertel, en meeste van ons stories word so mondelings oorgedra. Met die opkoms van tegnologie is daar egter die gevaar dat ons storievertellers se stories vergeet sal word omdat dit nie neergeskryf word nie. Help ons om hierdie stories vas te vang. Ek weet eerstehands van hoe ongelooflik ons inwoners se kennis en stories van ons dorpe is, veral die dele van lank gelede. Dit is regtig belangrik dat ons dit moet onthou en vasvang om te deel met die nuwe generasie!

Ons inwoners is altyd besig met die mees ongelooflike inisiatiewe om ons omgewing en wêreld te verbeter, asook unieke geleenthede te skep. Die nuwe Spekboom

#FirstThursday concept on the road and Stellenbosch was one of the first municipalities, outside of the metro, to welcome the Premier and the Ministers.

It was a wonderful event, conducted at Rietenbosch Primary School, where residents could come and talk directly to the decision makers in the province. Every provincial minister manned his/her own table and where the minister could not be present, the head of the relevant department assisted residents. Every person who attended had the opportunity to talk with the ministers and/or the officials. The Municipality also had a table and myself, members of the Mayoral Committee and senior officials met with our residents and answered questions.

I want to thank the Premier and the Cabinet on behalf of all our residents for the effort they made to come and talk to our residents.

In June the Provincial Department of Sport and Cultural Affairs will visit the municipality and launch their oral history initiative. This project is a wonderful initiative from the Province that will assist our residents to write down and save our own local stories and history. The project focusses on documenting individual as well as on community stories about the region, the culture and the local knowledge to ensure it lives on for future generations. This project will be rolled out through our local libraries and more information will be made available as we finalise the details. Our region has so many wonderful and exceptional stories, and I want to encourage you to share it so that it is not lost to history. As South Africans, we have a strong tradition of storytelling and most of our stories are passed on through retelling. With the increase in technology, we do however run the risk that the stories from our story tellers get lost, if we do not write it down. Please help us to capture these stories. I know first-hand how incredible the knowledge and stories from our residents in all our towns are, and how well they remember the stories from long ago. It is so important that we remember and capture these stories for the next generation!

Our residents are always busy with wonderful new initiatives to improve our environment, our world and to create unique new opportunities. The new Spekboom Labyrinth, just outside Stellenbosch on East Hill Farm, will be one of the world’s largest labyrinths and the biggest in South Africa as well as in Africa. This project

Labirint wat net buite Stellenbosch op East Hill Plaas gegroei word, sal een van die grootste labirinte in die wêreld wees, en die grootste in Suid-Afrika en Afrika. Hierdie projek het begin om mense bewus te maak van ons omgewing en die negatiewe impak wat ons koolstofvoetspoor op die planeet het. Die ontwerpers van die labirint het die Spekboom gekies omdat dit, volgens navorsing, 'n ongelooflike vermoë het om CO2 uit die atmosfeer uit te onttrek en te omskep in suurstof. Dit is ook 'n waterslim plant wat droëer toestande goed kan oorleef. Die boompies is verskaf deur plaaslike inwoners wat dit gekweek het, en skep dus ook so 'n geleentheid vir inkomste vir ons plaaslike gemeenskappe. Die labirint gaan ongeveer 5 km se staproetes wees, en gaan stappers, rolstoele en fietsryers kan akkommodeer. Dis werklik merkwaardig.

Baie dankie aan die Groot Labirint Span, Heart Capital en die Wonder Plant span vir hierdie wonderlike inisiatief en geskenk aan ons gemeenskap. Gaan besoek gerus https://www.greatlabyrinth.co.za/ om meer uit te vind oor hierdie wonderlike projek.

Het u geweet baie van ons groot en ou bome word beskou as erfenisbates deur wetgewing. Dit is dus onwettig om enigsins tak af te saag! As 'n u onseker is vra asseblief inligting by ons Hoof van Parke, Mnr Albert van der Merwe (021 808 8165). .

April is vol vakansiedae asook Paasfees. Baie van ons gebruik die geleentheid om 'n breek te vat en met vakansie te gaan. Wees asseblief versigtig op die pad. Paasfees is een van die besigste tye op ons land se paaie, en daarom ook van die gevaarlikste tye. Maak seker u motorlisensie en u bestuurderslisensie is in orde en dat u voertuig padvaardig is.

Aan ons inwoners wat Paasfees of Pesach vier gedurende die tyd, mag dit vir u 'n geseënde tyd vol vrede wees.

Groete tot volgende keer!

*Beste Wense*
*Burgemeester Gesie*

started as a way to create awareness of the negative impact our carbon footprint has on the planet. The designers of the labyrinth chose the Spekboom a.k.a Elephant Bush because research has shown that it has an incredible ability to absorb CO2 from the atmosphere and release oxygen back into the air. It is also a water wise plant that survives well in times of drought. The saplings are provided by local residents and in that way this project also created income for local communities. The labyrinth will include approximately 5 km in routes and will be accessible to hikers, wheel chairs and cyclists. It is truly impressive.

Thank you to the Great Labyrinth team, Heart Capital and the Wonder Plant team for this amazing initiative and gift to our community. Go and visit https://www.greatlabyrinth.co.za/ to find about more about this wonderful project.

Did you know that many of our old trees are viewed as heritage assets by legislation? It is therefore illegal to even cut of a branch without the proper permissions and procedures. If you are unsure, please contact our head of parks, Mr Albert van der Merwe (021 808 8165).

April is full of holiday days as well as Easter. Many of us makes use of this opportunity to take a break and go on holiday. Please be careful on our roads. Easter is always one of the busiest times on the country's roads and therefore very dangerous. Make sure your motor vehicle license as well as your driver's licence is in order and that your vehicle is roadworthy.

To all our residents who celebrate Easter or Pesach, may this be a blessed time, filled with peace.

Until next time.

*Best Wishes*
*Mayor Gesie*